EFFICIENT GROUP

Besnoei ministers van 37 tot 12

Ek sit onlangs op ’n hotelstoep in die Baai toe raai-net-wie daar in stap. Ene Fikile Mbalula, minister van sport en ontspanning en sy nuwe beste maatjie, Danny Jordaan, die nuwe burgemeester van Port Elizabeth.

Dit was duidelik dat die minister nie met sportsake besig was nie - tensy hy Jordaan se nuwe afrigter vir die Ysterman-kompetisie is. Dit was ook goed sigbaar waarmee ons as belastingbetalers die hofnar-minister toerus in die naam van sport en ontspanning. Toegegee, swaar gewapende wagte was nie in sig nie, maar net buite die hotel het ’n windmakerige swart S500 Merc gestaan en net langsaan ’n witte met twee latte binne-in, nogal besig om koerant te lees.

So wat soek Mbalula by Jordaan op ’n Baaise hotelvoorstoep op ’n prille Oos-Kaapse middag? Die wêreld en sy marathonhardlopers sak op KwaZulu-Natal toe vir vandag se Comrades-marathon. Ek sou nog verwag dat die agbare minister op ’n Durbanse hotelstoep sit.

Dalk staan sy adjunk, agbare ernstige Gert, êrens tussen Durban en Pietermaritzburg met lappies, bemoedigende woorde en Energade om die Russiese tweeling aan te spoor.

Gevreet, gevlieg - en gelieg

Hoe dit ook al sy, die episode het my laat dink oor ons ander ministers –en my laat wonder: Het ons almal van hulle nodig? Al die S500’s, al die blou ligte, al die gevreet en gevlieg, om van die gelieg nie te praat nie?

Kom ons kyk: Ons sonnige land het 37 ministers en 38 adjunkministers, insluitend die president en sy adjunk, elk met sy eie “portefeulje”. Dan het ons ook ’n minister in die presidensie.

Die ministerie-misterie verdiep verder met ’n klompie ministeries, byvoorbeeld dié vir vroue, wat geen adjunkministers het nie, terwyl ander, byvoorbeeld landelike ontwikkeling en grondhervorming, weer twee het.

Uit die aard van die saak pronk elk van die ministeries gewoonlik ook met ’n direkteur-generaal, sekretaresses, lyfwagte, bestuurders, klerke, bodes en hemel weet wat nog.

En natuurlik moet elke departement gehuisves word in toepaslike grênd kantore met toepaslike grênd meubels, gesubsidieerde motors, onthaalkaarte, vliegtuigritte, blou ligte en bokskaartjies. Kortom: elke minister kos ’n arm, ’n been en ’n hele klompie lewensbelangrike organe op die koop toe.

Sê nou, altyd daai lekker sê, ek word môre president, hoe sal my kabinet lyk? Om mee te begin, heelwat kleiner, dis verseker!

My regering sal net 12 portefeuljes hê wat ek oor tyd nog verder sal verminder. My ministers sal ook doen wat hulle veronderstel is om te doen en sal nie gedurende werktyd politieke speletjies speel nie.

O, en voor ek vergeet, Mbalula sal eerste waai.

Pres. Dawie se kabinet:

- **Die presidensie:** Iemand moet seker die ander ministers aanstel . . .
- **Finansies:** Wat my betref, een van die belangrikste departemente in die regering; ek sal ’n bekwame minister soos Nhlanhla Nene aan die stuur sit.
- **Polisie:** Een van die primêre funksies van die staat; ek sal dit behou en staatsveiligheid daarby inlyf.
- **Verdediging en militêre veterane:** Nog ’n primêre funksie. Professionaliseer die weermag en gee die veterane vir een van die maatskaplike departemente.
- **Justisie en korrektiewe dienste:** Ook ’n primêre staatsfunksie wat ek sal behou.
- **Gesondheid:** ’n Groot departement wat ek eers sal behou, maar uiteindelik sal privatiseer.
- **Buitelandse sake:** Dit bly, hul belangrikste funksie synde om handel tussen ons en die res van die wêreld te bevorder.

Daarna sal ek die volgende spul departemente saamvoeg onder leiding van een minister met direkteurs-generaal wat vir die daaglikse bestuur verantwoordelik is.

- Die **adjunkpresident** bly, die ministerie in die presidensie word afgeskaf en alle ministers moet aan die adjunkpresident rapporteer.
- **Plaaslike owerheid en basiese dienste** sal verantwoordelik wees vir kwessies soos behuising, tradisionele sake, landelike ontwikkeling, water, sanitasie en omgewingsake.

Besnoei ministers van 37 tot 12

- **Ekonomiese sake** sal my nuwe departement wees wat basies tien departemente sal saamvoeg met die gepaardgaande besparing vir die belastingbetaler.

  Met die doel om uiteindelik alle funksies te privatiseer, sal die aanvanklike verantwoordelikhede die volgende insluit: kommunikasie, minerale sake, toerisme, landbou, bosbou, visserye, energie, arbeid, openbare instellings, openbare dienste, werke, telekommunikasie, poswese, handel, nywerheid en vervoer.

- **Onderwys**, wat basiese en hoër onderwys, asook wetenskap en tegnologie sal insluit, sal ek voorlopig behou, maar mettertyd privatiseer.

- Die **maatskaplike departement** sal nog ’n nuutskepping wees, die doel daarvan synde om om te sien na die meeste maatskaplike sake wat nie met gesondheid of onderwys te doen het nie, insluitend maatskaplike ontwikkeling en binnelandse sake. Let wel: Die meeste van dié funksies sal nie geprivatiseer word nie, maar die hele spul moet geprofessionaliseer word.

Die portefeuljes wat ek reken grootliks oorbodig is en nie ’n bestaansreg het nie, is:

Minister van vroue: Dit is ’n belaglike stukkie burokrasie wat sonder meer afgeskaf moet word. Dis in elk geval diskriminerend.

- **Kuns en kultuur:** Dit laat my nogal dink aan die kat en saffraan … Kuns en kultuur het niks met ’n regering te doen nie.

- **Kleinsake-ontwikkeling:** Dit is ’n nuwe portefeulje wat tot dusver net teleurstel. Die funksies word in elk geval deur die verskillende ontwikkelingsinstellings behartig. Kleinsake het nie “ontwikkeling” nodig nie, maar net om in vrede gelaat te word.

- **Sport en ontspanning:** Buiten om in te meng met die kies van nasionale spanne kan ek nie die nut insien nie. Skaf af!

Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group.
Kontak gerus vir Dawie op **dawieroodt@efgroup.co.za**

Vrywaring: Alhoewel alle maatreëls getref is om die akkuraatheid van die brosjure-inhoud te verseker, aanvaar die Efficient Group Bpk. geen aanspreeklikheid vir enige weglatings of of foute hierin vervat nie. Die inhoud van hierdie dokument moet nie as finansiële advies beskou word nie. Efficient Group Bpk. behou die reg om die inhoud van hierdie dokument sonder vooraf kennisgewing te verander.